Versoening vandag

FANIE DU TOIT

Sowat 'n jaar gelede het Fanie 'n artikel oor versoening vir Kruisgewys geskryf. Sedertdien het sommige dinge verander en ander het dieselfde gebly ... Fanie is Programbestuurder by die Instituut vir Geregtigheid en Versoening in Kaapstad en verbonde aan die Studentekerk op Stellenbosch.

Aan die een kant is dit duidelik dat versoeningsinisiatiewe nou meer as ooit dringend nodig is. In 'n onlangse seminaar op 'n plattelandse dorp in die Oos-Kaap sê 'n ouderling: "Ek is 'n rassis. Ek het nooit geweet swart mense het emosies nie. Maar ek het hard gewerk vir wat ek nou het, saam met my werkers. Wat ek vandag vir die eerste keer verstaan is dat die verskil tussen my en hulle is dat ek in die aand 'n bord kos het en hulle nie!" Daar bestaan steeds ongelooflike naïwiteit en blatante rassisme in gemeentes regoor die land, en dit behoort 'n voortdurende voorwerp van studie, prediking en gebed te wees, ten spyte daarvan dat mense soms beweer dat hulle nou 'genoeg hiervan gehoor het.' Dit is nodig dat hierdie gapende sosiale verskille, vooroordeel en stereotipering oorkom word, sodat praktiese probleme in ons land, byvoorbeeld oor grond verdeling, werkskepping en die verbetering van sosiale dienste saam aangepak kan word.

Dit is ook duidelik dat daar nie regtig universele modelle bestaan wat gemeentes soos resepte kan toepas nie. Plaaslike konteks is van deurslaggewende belang, en dit impliseer dat kerkleiers hulle plaaslike konteks deeglik moet ken. Kerkleiers moet weet wat die belangrikste ontwikkelings-uitdagings en dilemmas is wat deur hulle plaaslike owerhede geïdentifiseer is. Hulle moet die "Integrated Development Plan" van hulle area goed verstaan. Hulle behoort die plaaslike rasse-geskiedenis te ken, en te weet wie is waarvandaan waarheen verskuif gedurende apartheid. Hulle moet weet watter grondeise reeds ingedien is, en wat albei partye hieroor voel. Hulle behoort te weet hoe dit gaan met besigheid en werkskepping in hulle area. Hulle behoort te weet wat die sosiale probleme in die arm dele is, en hoeveel mense in elke area woon. Kortom, kerkleiers moet hulle plaaslike konteks uitstekend verstaan, sodat hulle vesoeningsprosesse kan ontwerp wat by hulle spesifieke konteks kan pas.

En tog, ten spyte van die belang van konteks, is daar stadig maar seker ook sekere gemeenskaplike tendense wat ons kan waarneem wat ooreenstem in versoeningsprosesse regoor Suid-Afrika. Laat ek vier van hierdie boublokke van versoening uitlig wat ons met gereelde reëlmaat teenkom, naamlik leierskap, dialoog, aksie en refleksie. By 'n onlangse konferensie van die Lutherse Wêreld Federasie genaamd "The Interfaith Peace Summit in Africa" het 'n groep kerkleiers van regoor Afrika versoeningsinisiatiewe vanuit hulle lande geïdentifiseer. Toe die lyste bymekaar gesit is en temas uitgelig is, is hierdie selfde vier temas tot ons grootste verbasing ook uitgelig as vier gemene delers van versoeningsin-

isiatiewe regoor Afrika. Dit kom voor asof hierdie vier komponente saam 'n tipe 'spiraal van versoening' vorm.

Dit is duidelik dat versoeningsprosesse gebeur waar *leiers* die status quo uitdaag. Leiers nooi mense uit om langtermyn voordele *vir almal* te kies bo korttermyn winste *vir een groep*. Dit moedig mense aan om medemenslikheid om te sit in dade wat op die ou einde ook hulle eie medemenslikheid bevestig. Dit daag mense uit om oor grense te dink, te leef en te gesels op 'n manier wat vreemdelinge 'n nuwe kans gee binne ou familiebande. Versoening is beslis nie vir die '*faintheart-ed*' nie! Daarom dat versoening sterk leierskap benodig. Maar ons praat nie van die regop-vinger leierskap styl van vroeër nie—eerder 'n toeganklike, praktiese en vriendelike styl wat mense oortuig eerder as dreig. In KwaZulu-Natal het Jotham Myaka reeds daarin geslaag om 11 plase vreedsaam oor te dra van wit boere na voorheen benadeeldes. Dit is in almal se belang, gegewe die Zimbabwe scenario, dat sulke praktiese versoening op groot skaal plaasvind en hoe meer daarvan plaaslik geïnisieer word, hoe beter. Maar dan is leierskap nodig, en die feite is dat daar weinig mense beter geposisioneer is om hierdie rol te vervul as juis predikante en ander leiers van geloofsgemeenskappe. Dit is waar wat Nelson Mandela reeds in 1992 gesê het— in die gemeenskappe waar die kerk hulle werk doen, vind versoening plaas.

Vroeër of later behels versoening ook *dialoog*. Dit impliseer gesprekvoering in 'n geborgde atmosfeer beskerm deur sekere waardes wat almal aanvaar. Sulke waardes behels byvoorbeeld respek (om mekaar se waardigheid as mense te reflekteer en te bevestig), eerlikheid (om verby politieke korrektheid tot by die pynlike wortels van vervreemding te gesels), erkenning (om mekaar se situasies, stories en geskiedenisse te leer ken, eerbiedig en te aanvaar) en verantwoordelikheid (die bereidheid om jou eie aandeel in die probleme te aanvaar en dit gesamentlik aan te spreek). Sulke gesprek is nooit maklik nie, maar keer op keer sien ons hoe dit mense vrymaak om op 'n nuwe manier deel te begin neem aan die konteks waarin die gesprek plaasgevind het, hetsy in skole, universiteite, dorpe, gemeentes, sportklubs of besighede.

Daar is terselfdertyd heelwat gemeentes wat *prakties betrokke raak* in sosiale projekte, veral as gevolg van groeiende media blootstelling van sake soos HIV/vigs, armoede en werkskepping. In Afrika kan versoening nooit apart staan van praktiese opheffing nie. Wat ons egter gewaar is dat die projekte wat op die ou einde oorleef, sterk beïnvloed word deur waardes wat ook sentraal staan in die versoeningsproses, soos respek, eerlikheid, verantwoordelikheid en erkenning. Sosiale projekte behoort dus albei partye te versterk en te bemagtig. Dit kan alleen gebeur as die projek nie ontaard in 'ons help armes uit die goedheid van ons hart' nie, maar eerder ontwikkel in 'n vennootskap waar beide partye iets na die tafel bring in 'n gesindheid van solidariteit, verantwoordelikheid en erkentlikheid – ook van die geskiedenis wat ons tot op hierdie punt gebring het.

Laastens behels versoeningsprosesse ook 'n oomblik van wat ons noem '*refleksie*" – 'n gesprek na binne in 'n bepaalde groep oor wat die versoeningsproses aan die groep self doen en van die groep vra. Hierdie intra-groep refleksie het te doen met vrae van *identiteitsgroei* – watter implikasies het hierdie proses vir hoe ons onsself verstaan; en *genesing* – hoe kan ons genees word van die effek wat die verlede op ons gehad het? Een voorbeeld van so 'n intra-groep debat is die onlangse kontroversie oor die verpolitisering van die bomaanvalle in Soweto waarvoor verregse groepe verantwoordelikheid aanvaar het en waaroor die Groep van 63 sekere begrip bepleit het. Hierteenoor het verskeie Afrikaners baie sterk gereageer en gesê dat hulle hulleself anders verstaan. Ons kan steeds maklik die samelewing herpolariseer en herverdeel volgens ou lyne, as ons nie in staat is om wyer te dink as ons eie kulturele en ander belange nie. Die eintlike vraag onderliggend tot hierdie debat is—gegewe die nuwe Suid-Afrika, wie is die Afrikaner nou?

Daar is 'n nuwe en 'anderse' Suid-Afrikaanse stem wat al hoe duideliker hoorbaar word, wat nie skaam is om terrorisme ten sterkste te veroordeel nie, en terselfdertyd Amerika aan te vat oor growwe skending van internasionale reg nie. Daar is tekens dat die 'Suid-Afrikaanse ervaring' begin om mense van verskillende agtergronde eenders te laat dink oor sake buite Suid-Afrika – en dit is opwindend. Die skuif van parogiale verknooptheid na inklusiewe, verdraagsaamheid blyk makliker te word en dit is goeie nuus. Ek sou dus wou sê, dat die afgelope jaar ten minste dit duidelik gemaak het – daar is 'n gros Suid-Afrikaners wat besig is om oor ou grense te beweeg, en daar is 'n ander groep wat dit maar net nie reg kry om wyer as hul eie belange te dink en te agiteer nie. Publieke uitsprake van teoloë rondom hierdie sake kan baie doen om lidmate met hierdie proses te help om te reflekteer oor veranderende identiteit en die genesing wat hulle asook hulle eie gemeenskappe benodig na apartheid.

Hierdie pad is nie maklik nie, maar bevrydend. Dit is die pad na jouself via jou vyande en vreemdelinge. Dit is ook die via dolorosa.